

# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS FIRST LANGUAGE**

**1100/4**

PAPER 4 Literature

1 hour 30 minutes

Marks 40

**2014**

Additional Materials: Answer Book

## INSTRUCTIONS AND INFORMATION TO CANDIDATES

- Write your answers in the separate answer book provided.
- Write your Candidate Number and Name in the spaces provided on the answer book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.
  
- Answer **one** question from Section **A** and **one** question from Section **B**.
- All topics in each section of this paper carry equal marks.

This document consists of 7 printed pages.



Republic of Namibia  
**MINISTRY OF EDUCATION**

### Instruksies

- Beantwoord **twee** vrae, **een** uit elke afdeling.
- Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.
- Skryf die nommer van die vraag bo die antwoord.
- Netjiese en duidelike handskrif sal in jou guns tel.

### AFDELING A

Beantwoord **een** vraag, uit hierdie afdeling.

#### Junior Verseboek – D.J.Opperman

1 Lees die volgende gedig aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

#### Omdat – Antjie Krog

My maer hande steek vir jou 'n kers aan  
 omdat jy my maat geword het  
 toe ek na 'n kwartaal  
 nog somber alleen tussen die ander sit,  
 omdat jy my pouses uit die  
 biblioteek kom haal  
 om saam liedjies te sing in die saal,  
 omdat jy my maat bly  
 t.s.v. my skilferhemp en nylontrui  
 omdat jy lief vir my geword het  
 en my self vashou teen jou bors  
 t.s.v. my dimpelbene en die  
 ryp puisies wat op my wange kors.

My kers brand  
 omdat jy kaalvoet saam met my  
 deur die dorp loop  
 en wag as ek iets in 'n  
 supermark koop  
 omdat jy pouses vir my brood gee,  
 smiddae vir my wiskunde verduidelik  
 en soms oor my skoon hare vee

omdat jy my maat is en so daarin berus  
 al skinder almal oor jy 'n seun  
 en ek 'n meisie is

omdat jy verstaan as ek weg van jou kring  
 en agter die gordyne kruip  
 as jy operette sing.

Kyk hoe bewe my kers nou  
 hy sê dankie en hy bid vir jou.

(Uit: *Dogter van Jefta*)

- (a) Hoekom sou jy sê die titel is gepas? [2]
- (b) Wat sê die woorde “somer alleen” van die spreker se gemoedstoestand? [2]
- (c) Watter bewys is daar dat die meisie ’n nuwe leerling by die skool is?  
Staaf jou antwoord met ’n aanhaling. [2]
- (d) Noem **drie** dinge wat vir ons sê dat sy waarskynlik uit ’n arm huis kom. [3]
- (e) Wat het die seun gedoen om haar te ondersteun,  
(i) by die huis? [3]  
(ii) namiddae? [2]
- (f) Die digter gebruik werkwoorde om aan te dui dat daar groei plaasvind in die vriendskap van die twee skoolmaats. Haal die betrokke werkwoorde aan. [3]
- (g) Hoekom steek sy vir hom ’n kers aan? Haal gedeeltes uit die gedig aan om jou antwoord te staaf? [3]
- [20]**

**OF**

- 2 Lees die gedig hieronder noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Bitterbessie dagbreek – Ingrid Jonker**

Bitterbessie dagbreek  
bitterbessie son  
'n spieël het gebreek  
tussen my en hom

Soek ek na die grootpad  
om daarlangs te draf  
oral draai die paadjies  
van sy woorde af

Dennebos herinnering  
dennebos vergeet  
het ek ook verdwaal  
trap ek in my leed

Papegaai-bont eggo  
kierang kierang my  
totdat ek bedroë  
weer die koggel kry

Eggo is geen antwoord  
antwoord hy alom  
bitterbessie dagbreek  
bitterbessie son

*(Uit: Versamelde Werke; Perskor)*

- (a) Bitterbessie in die titel het 'n tweeledige betekenis. Verduidelik. [4]
- (b) Daar lê 'n kontras (teenstelling) opgesluit in die gedig. Wat is die kontras? [2]
- (c) Wat sê die digter met "’n spieël het gebreek tussen my en hom"? [2]
- (d) Haal 'n voorbeeld van alliterasie aan uit strofe 4. Onderstreep die toespaslike klanke. [2]
- (e) Waarna verwys die woorde "trap ek in my leed" (strofe 3)? [2]
- (f) Noem **twee** maniere waarop die spreker die sterk toon van bitterheid in die gedig na vore bring. [4]
- (g) In watter opsig is "grootpad" en "paadjies" botsende begrippe? [4]

**[20]**

**AFDELING B**

Beantwoord **een** vraag uit hierdie Afdeling.

**Japtrap – JP en Ria Smuts**

- 3** Lees die volgende uittreksels uit die verhaal noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Lied oor Niemandslan – Jan Rabie**

Hy het hulle aangekyk. In skielike woede-bewing het hy omgespring en die kombuisdeur oopgeruk en gewys dat die meisie moet gaan, en toe hy dit agter haar sluit, teen sy kitaar aan die muur gestamp sodat dit van die spyker val.

Later het sy moeder gesê: “Die oorkantse mense is sleg, hulle gooi klippe oor na ons, en hulle vloek ons met nuwe name wat hulle aan die ander kant geleer het.”

“Julle begin hulle nou al haat,” het haar seun in ’n dowwe, bitter stem gesê. Maar hy het sy arms om haar skouers gesit toe sy begin huil.

“Ek is oud, Evert,” het sy gesnik, „ek sal nie lank meer lewe nie. Maar sterwe sal draaglik wees as ek eers ’n kleinkind in my arms kan hou.”

Die volgende dag het sonskyn bleek deur die wolke gesukkel. In die strate het die sneeu in ’n vuil pappery verander, maar op die plein het dit skoon en wit geglans. Evert het vinniger as gewoonlik, verby die plein, reguit huis toe geloop. Sy oë het gegloei in sy skraal, verbete gesig toe hy die kitaar van die muurspyker lig. Hy het geen woord teen sy angstige ou moeder gesê nie. Hy het na die rand van die plein gegaan, en toe langsaam verder in die diep skoon sneeu tot waar die wagte gestaan en kyk het. Hulle het hul gewere dreigend gelig. Evert het nog nader gegaan in die diep wit sneeu.

“My meisie is aan die ander kant,” het hy stil gesê.

“Wat daarvan ...!” het een van die wagte gevloek, “sy’s jou vyand!”

“Nou!” Hy was afkomstig uit ’n ander provinsie en hy het sy twee jaar dienspilig gehaat, en die mense van die dorp waar hy gestasioneer was, met dié haat verbind.

- |  |     |
|--|-----|
| <b>(a)</b> Wat het aanleiding gegee tot Evert se woede?                              | [3] |
| <b>(b)</b> Hoekom beweer sy ma die oorkantse mense is sleg?                          | [2] |
| <b>(c)</b> Wat was die ma se motief met die meisie wat sy oorgenooi het?             | [2] |
| <b>(d)</b> Benoem die beeldspraak in reël 12.  | [1] |
| <b>(e)</b> Waarheen was hy oppad met sy kitaar en waarom?                            | [2] |
| <b>(f)</b> Was dit ’n maklike taak om by die wagte verby te kom?                     | [4] |
| <b>(g)</b> Hoe het Anna gereageer op sy lied?  | [4] |
| <b>(h)</b> Watter positiewe gevolge het Evert se dapper daad vir die dorpie ingehou? | [2] |

**[20]****OF**

- 4 Lees die volgende uittreksels uit die verhaal noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### Storm op die berg – W.A. de Klerk

Later, toe Tonie rustig kon nadink oor die eenaardige verloop van daardie tog deur die Hexriviergebied, moes hy erken dat hy al baie lank 'n sterk gevoel vir Christien gekoester het. Alles in haar het hom aangetrek: haar voorkoms, haar spraak, haar maniere. Sy was sterk en lenig.

\* \* \* \* \*

Die aarde is vol geheimenisse.

Tonie voel dit vanmôre soos hy dit nog altyd in die berge gevoel het.

Maar vanmôre is daar 'n nuwe geheim, iets anders as dié wat die berge bewaar. Hy kyk na die meisie wat kort voor hom teen die skuinste uitbeur en 'n skielike teerheid oorval hom. Maar as sy blik haar aandag trek en sy skielik vir hom glimlag, kyk hy weg.

\* \* \* \* \*

Tog het dit 'n lang ruk geduur voordat Tonie teenoor homself wou erken hoe hy oor hierdie meisie voel. Trots het hom nog altyd verhinder om die toegewing te maak. En dit was eers op die tweede aand van die toer, toe hulle die Sentinelkamp bereik, dat hy nie meer die gevoel in hom kon wegredeneer nie.

Hulle het die dag vergetrek – van die berghut op die massiewe Fonteintjiesberg; oor die kruin van Horseshoe-piek waar hulle kon afkyk in die seshonderd meterdiepe geut; oor Brodieberg en toe na die Sentinelkamp. 'n Haastige heen-en-weer na die rysige Jan du Toitspitse het ook binne die dag se werk geval.

\* \* \* \* \*

“Dit het seergekry met die val,” sê Christien. “Lê maar net stil.”

“Maak hom onder die slaapsakke toe en wag hier, “sê Tonie. “Ek moet hulp gaan haal. Ek gaan terug oor Buffelshoek en af met die maklike rante na Ceres. Ek sal so gou moontlik terug wees. In die rugsakke is daar genoeg kos en goed om julle aan die gang te hou. Hou moed en wees sterk.”

Hy vee die sweet van sy voorkop af en begin terug oor die eerste trajek na die spits bo hulle klim. Toe hy bo kom, kyk hy weer af en glimlag. En Christien weet dat niks hom nou sal keer nie – geen berge en geen weer nie. Binne vier en twintig uur sal hy terug wees met 'n reddingsgeselskap en sal hulle Jaco na onder kan dra.

Die eerste sneeu begin saggies oor die grys rotse val.

Nog 'n oomblik staan Tonie en kyk so na die twee wat daar onder die bakkrans sit. Alles is meteens so vreemd. Hy voel asof hy ná 'n lang worsteling 'n voorheen onoorwonne bergspits bestyg het, hoog op die nuwe kruin staan, suiwer en skoon in die lig. Daar is in hom 'n ongekende vreugde en die wete dat hy nuwe aarde verower het. En die berge om hom is sterk en vriendelik.

Hy draai om en verdwyn vinnig tussen die rotse van die kruin.

- (a) In watter ruimte speel hierdie hierdie storie af? [1]
- (b) Wie is die hoofkarakter in hierdie verhaal? Waarom sê jy so? [2]
- (c) Op watter voorwaarde het Christien se ouers ingestem dat sy mag saamgaan? [2]
- (d) Hierdie voorwaardes het later ironies geblyk. Verduidelik? [2]
- (e) Hoe was Christien se reaksie op Tonie se liefdesverklaring en hoe het dit sy verdere optrede beïnvloed.? [4]
- (f) “Die aarde is vol geheimenisse” Waarna verwys Tonie? [2]
- (g) Op watter manier het beide Jaco en Tonie tydens hierdie ekspedisie “verloor”? [2]
- (h) Wie het vir Jaco gered? [2]
- (i) Watter progressie het in Tonie plaasgevind? [3]

**[20]**

**BLANK PAGE**